
# Pierre Griffioen




- Gebore 23/11/1967
- Enigste kind, ook so bietjie te vroeg en onverwags opgedaag – vandag is dit nie meer snaaks nie maar daai tyd ...
- Pa is oorlede op die 27ste September 2009 -die ironie ontgaan my nie! Het kanker gehad en is oorlede in die weermag hospice na ongveer 6 mnde - stil, stil met ek en my Ma en my tannie langs sy bed.
- My Ma is 78 vanjaar en darem nog gesond en op die been.
- Gematrikuleer 1985 – Hoerskool Verwoerdburg

- 2 jaar verpligte diensplig 1986/01 tot 1987/12 – Basies in PD Skool Voortrekkerhoogte gedoen waar ek weermag 0/19 rugby gespeel het , maar skeur toe ligamente in my enkel en word summier gepos na sektor 10 HK Oshakati vir 14maande – beste ding wat met my kon gebeur het – loop vir Tjarra daar raak en moet hom salueer want hy is Luitenant en ek n troep !!

  😊
- Studeer by TUKS van 1988 tot .......... Loop vir Tjaart weer raak by die regstrasie in die Skip en in plaas van BA ADMIN oortuig hy my om BProc te gaan swot saam met hom – en Elshhh dis waar alles begin skeefloop het – as dit nie was vir TUKS na VYF en Olof De Meyer my Prinsipaal by Shapiro de Meyer waar ek my articles gedoen het nie , sou ek seker nooit my graad gevang het nie . Die feit dat ek en Tjarra 'n woosel in Sunnyside gedeel het het ook glad nie gehelp nie ook nie die trippies na Golden Gate saam met die Golden Gate Gabbas nie!!! ( julle weet wie julle is )
- Word uituidelik na baie meer as 5 jaar van articles toegelaat as Prokureur , Transportbesorger en Notaris in 2001 na n Dekade van studie aan n 4 jaar graad – my graad met lekkery, klaar gekry.
- Gaan in privaat praktyk saam met oorlede Willem van Heerden ook 'n oud woerie en is ek nog tot vandag toe n Direkteur van sy firma Van Heerdens Ingelyf wat hy in 1996 gestig het. Nog n oud woerie, Gert van Schalkwyk het ook kortliks saam met Willem gepraktiseer en toe sy eie Firma op die been gebring.
- Geniet die Bachelor lewe van 2000 tot 2011 – kan nie veel onthou nie so ek sal kan nie verder uitbrei en dis maar beter so – nog n rede hoekom ek nie op Facebook is nie!
- Trou met my vrou Carmen op 16 April 2011 en kom uiteindelik tot rus – ons is hierdie jaar 14jr getroud.




- Ons sukkel om swanger te raak en gooi uiteidelik die handoek in na 3 x invitrus misluk – as dit moet gebeur sal dit gebeur, maar ek gaan nie vir 'n Dr. sy 3de Porsche koop nie !
- Ons neem die besluit om aan te neem en op 2014 maak Joshua sy opwagting en in 2015 maak Noah sy opwagting nou onderskeidelik 11 en 10 jaar oud - Gelukkig het ek vir Gert van Schalkwyk gebeat met betrekking tot die ouerdomme van my kinders 😊






- Stokperdjies (nie veel as jou kids so jonk is nie ) maar ek probeer tyd maak waar ons kan om so nou dan weggtebreek bosveld toe of see toe en lekker te braai saam met n lekker wit wyntjie. Kuier ook graag saam met ons onderskeie Families – Familie is vir my baie belangrik.
- My vrou, wat 'n eiendoms agent is het hierdie jaar ons huis in PTA onder my GAT uitverkoop en woon ons nou in Franskraalstrand in Gansbaai – dis nou nog maar net 3 mnde lank so ons is nog in die Honeymoon fase so sal maar sien. Ek pendel tans op en af aangesien my praktyk nog in PTA is.





- Ek is nou na 40 jaar weer terug in my Ma se Huis oorkant Doringkloof Laerskool waar alles begin het – VOLSIRKEL gekom.





